

## **WAAROM VIER CHRISTENE PAASFEES?**

Christene vier Paasfees om Jesus se dood aan die kruis en sy opstanding uit die graf te herdenk. Paasfees is 'n tydperk wat ons bewus maak van ons sondige natuur en God se vergifnis. Dit gaan oor vreugde en hoop as 'n herinnering aan God se liefde vir mense.

### **Vorbereiding vir Paasfees**

#### **Wat is Lydenstyd?**

Lydenstyd is die seisoen voor Paasfees wanneer Christene nadink oor hulle lewens as 'n heilige geskenk van God. Dit is 'n tyd van selfondersoek waartydens mense nadink oor hulle lewens en 'n vastydperk waar sekere kosse, drankies en gewoontes prysgegee word om 'n heilige en skoon lewe te lei. Gedurende hierdie tyd ervaar baie mense 'n verandering in hulle harte. Baie mense doen goeie dade vir ander om die liefde van God vir mense te wys. Lydenstyd is 40 dae en 40 nagte.

Die viering van Paasfees hou verband met die viering van Pasga. Maak jou Bybel oop en lees daarvoor in Eksodus 12.

#### **Wat is Aswoensdag?**

In die meeste kerke is Aswoensdag die aanbreek van die Paasfees. Aswoensdag staan ook bekend as die Dag van die As.

Die as simboliseer beide die dood en bekering, om Lydenstyd op 'n opregte en nederige manier te begin. Dit laat mense toe om te besin oor hulle sondes gedurende Lydenstyd voor Paasfees plaasvind.

Waar kom die as vandaan? Palmblare van die vorige jaar se Palmsondagdiens word verbrand en met olyfolie gemeng. Dit word op die voorkop van mense in die vorm van 'n kruis aangebring terwyl die woorde uitgespreek word: "Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer."

Die Bybel praat nie van Aswoensdag nie, maar kerke vier dit om mense te herinner dat as dikwels in die Bybel as 'n simbool van sondeskuld of rou gedurende 'n tyd van hartseer gebruik word.

Let wel: Nie alle kerke vier Aswoensdag nie.

Lees die volgende: 2 Samuel 13:19; Ester 4:1; Jeremia 6:26; Esegïel 27:30; Daniël 9:3; Matteus 11:21.

#### **Wat is Palmsondag en die Heilige Week?**

Palmsondag is die laaste Sondag voor Paasfees wanneer Christene die intog van Jesus in Jerusalem en sy lof as die Seun van God herdenk. Palmsondag is die gebeurtenis wat die einde van Lydenstyd en die begin van die Heilige Week aandui, die tyd wanneer die passie, kruisiging, dood en opstanding van Christus gevier word.

Die gebeure van Palmsondag word in die vier Evangelies gevind. Lees Matteus 21:1-11; Markus 11:1-11; Lukas 19:28-40; Johannes 12:12-19.

### **Paasfeesvieringe**

#### **Goeie Vrydag en Paassondag**

Goeie Vrydag is een van die belangrikste dae op die Christelike kalender en dit word saam met Paassondag deur miljoene Christene wêreldwyd herdenk. Op hierdie dae onthou Christene die kruisiging en opstanding van Jesus as die kern van hul geloof.

Lees die verhale van Jesus se kruisiging, begrafnis en opstanding in die volgende Bybelgedeeltes: Matteus 27:27-28:10; Markus 15:21-16:11; Lukas 23:26-24:12; Johannes 19:16-20:18.

### **Paasfees is vol simboliek**

Die term simboliek beteken eenvoudig dat iets gebruik word om betekenis oor te dra wat verband hou met iets anders. Tydens Paasfees word die volgende simbole gebruik om Jesus as ons Verlosser en ons geloof in God te vier.

### **Die Nagmaal**

Die aand voordat die Romeinse soldate Jesus gearresteer het, het hy 'n maaltyd met sy dissipels gedeel. Hierdie maaltyd word ook die Laaste Avondmaal genoem. Die aandete het bestaan uit brood en 'n beker wyn. Tydens hierdie laaste maaltyd het Jesus die brood geseën, gebreek en gesê: "Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Doen dit om My in herinnering te bring." Net so ook die beker met die woorde: "Hierdie beker, wat ter wille van julle uitgegiet word, is die nuwe verbond deur my bloed."

Die Laaste Avondmaal het 'n belangrike simbool geword om ons geloof in Jesus te vier. Die eet van brood en die drink van wyn of druiewesap (die Nagmaal) het 'n belangrike herinnering geword aan Jesus se kruisdood, sy opstanding uit die graf en sy vergifnis van ons sondes.

Lees Matteus 26:26-30; Markus 14:22-26; Lukas 22:14-23; 1 Korintiërs 11:23-25.

### **Die doringkroon**

Die doringkroon het klaarblyklik 'n dubbele funksie gedien soos bedoel deur die Romeinse soldate: om Jesus te bespot en te verneder met 'n wanvoorstelling van koninklike eer en om die fisiese marteling te vermeerder. Die doringkroon is nie sag op sy kop geplaas nie; dit is met wrede geweld afgedwing.

Lees Matteus 27:27-31; Markus 15:16-20; Johannes 19:2-4.

### **Die houtkruis**

In antieke tye was 'n kruisiging 'n bekende praktyk om mense op die wreedste manier moontlik tereg te stel. Kruisigings het buite die stad plaasgevind en die beskuldigde moes self die kruis daarheen dra.

Die kruis is nie net 'n simbool van Jesus se dood nie, maar ook 'n simbool van Jesus se lewe en hoe Hy geleef het. Kruisiging was 'n skandelijke manier van doodgaan en daarom 'n simbool van die vloek van die sonde wat Jesus namens ons gedra het. Dit is ook 'n simbool van Christus se oorwinning oor die bose.

Jesus nooi sy volgelinge om hulle probleme na Hom te bring en Hom te volg. Hy weet hoe swaar dit is om 'n kruis te dra en daarom weet Hy hoe om mense te help wanneer hulle voel dat hulle nie hul lewensituasies kan hanteer nie.

Lees Matteus 10:38; 16:24; Markus 8:34; Lukas 9:23; 14:27; Romeine 6:6; 1 Petrus 2:24.

### **Die graf**

Jesus was vir drie dae in die graf. Vroeg op die derde dag het Maria, die moeder van Jesus, en Maria, die vrou van Kleopas, en Maria Magdalena na die graf gegaan om die liggaam van Jesus te balsem. Daar het die vroue gesien dat die klip van graf af weggerol is. Toe hulle ingaan kon hulle nie die liggaam van Jesus kry nie. Meteens het 'n engel aan hulle verskyn en gesê dat hulle nie moet bang wees nie.

Hy het vir hulle gesê dat hy geweet het hulle soek vir Jesus en dat Hy nie daar is nie; Hy is uit die dood opgewek.

Die boodskap van die leë graf is God se belofte dat Hy hierdie fisiese wêreld gaan herstel. Die leë graf simboliseer ook ons hoop op die ewigheid.

Lees Matteus 28:1-10; Markus 16:1-8; Lukas 24:1-12; Johannes 20:1-10.

### **Die lam wat geslag is**

Waarom verwys ons na Jesus as die Lam wat geslag is? Kom ons keer terug na die Ou Testament waar God vir Adam en Eva gestraf het omdat hulle ongehoorsaam was. Die slegte gedrag van Adam en Eva het veroorsaak dat sonde ons wêreld binnegekom het en die vloek van die dood meegebring het. Die doringkroon op Jesus se kop het die vloek van sonde en dood geword, omdat Hy ons sondes op Hom geneem het. Hy het aan 'n houtkruis gehang. Hoekom? Want deur sy dood het Hy ons vloek van sonde en dood op Homself geneem. Deur hierdie liefdesdaad van Jesus is die hele wêreld van sonde bevry.

Lees Genesis 3:1-24.

Verder in Genesis lees ons hoe God Abraham se geloof getoets het. Hy het vir Abraham gesê om sy seun, Isak, as 'n offer aan God te gee. Die Israëliete sou 'n lam slag en die bloed aan God offer, sodat God hulle sondes kon vergewe. Net voordat Abraham vir Isak sou doodmaak, het God met hom gepraat en vir hom gesê om dit nie te doen nie. Toe Abraham weer kyk, het hy 'n ram gesien wat met dik horings in die bos vasgevang is. Hy het toe hierdie ram in die plek van sy seun aan God geoffer. Jesus het later die geslagte lam geword.

Lees Genesis 22:1-14.

### **Die sewe kruiswoorde van Jesus**

Jesus het sewe keer gepraat terwyl Hy aan die kruis gehang het. Dit word die "sewe kruiswoorde" genoem. In hierdie tyd het Jesus al so gely dat mense aan die voet van die kruis gedink het Hy is dood. Toe, ewe skielik, het Jesus begin praat.

**Eerste woord:** Aan God: "Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!" Lukas 23:34

**Tweede woord:** Aan een van die misdadigers aan die kruis: "... Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die paradys wees." Lukas 23:43

**Derde woord:** Aan Maria, sy moeder: "... kyk, daar is u seun (...) kyk, daar is jou moeder." Johannes 19:26-27

**Vierde woord:** Aan God: "My God, my God, waarom het U My verlaat?" Markus 15:34

**Vyfde woord:** "Ek is dors." Johannes 19:28

**Sesde woord:** "Dit is volbring!" Johannes 19:30

**Sewende woord:** "Vader, in u hande gee Ek my gees oor." Lukas 23:46

Lydenstyd en Paasfees is van groot belang vir Christene. Dit is die viering van Jesus Christus wat gekruisig is en vir ons sondes gesterf het; Hy wat die dood oorwin het, het uit die graf opgestaan en aan ons lewe gegee. Net soos die vroeë kerk se Christene groet ons mekaar op Paassondag met die woorde: "Jesus het opgestaan! Hy het waarlik opgestaan!"

Die volledige Paasfeesverhaal kan gelees word in Matteus 26-28; Markus 14-16; Lukas 22-24 en Johannes 18-20.